| 12 Junie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 14 JUNIE 2026 SE EREDIENSTE:

**09:00**

**Hangklipkerk**

Ds Theuns Henn

Genesis 18:1-15 & 21:1-7

**09:00**


**Kleinmondkerk**

Dr Stephan Naudé

Genesis 18:1-15 & 21:1-5

LIG | DEERNIS | HOOP




Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers Sondag 14 Junie




# Deuroffers Sondag 21 Junie




# Dankoffers






# PLASTIC PEOPLE

## The Hidden Crisis of Microplastics

**Plek:** NG Kerk Kogelberg Kerkgebou 4e Laan

**Datum:** 14 Jun 2026 16:30 vir 17:00

---

Nooi julle vriende en kom geniet
hierdie wonderlike film saam met ons.

---

**Verversings te koop vóór en ná die tyd**

# Program vir die week

**14-20 Junie 2026**




## Sondag 14 Junie

***16:30*** Gratis Filmvertoning
**"Plastic People"**
(Kleinmondkerk)




## Maandag 15 & Dinsdag 16 Junie

*Kerkkantoor is gesluit*

## Woensdag 17 Junie

***09:00*** Normaalklas vir Vrouebybelstudie
(Kapel)

## Donderdag 18 Junie

***06:00*** Hangklip Mannegroep
***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)
***09:00*** Caritas-projek
***10:00*** Kerkkantoor in Hangklip
***18:45*** NG/VG Skakeling

Sondag 21 Junie is Vadersdag

## Saterdag 20 Junie

***08:30*** Eko-skoonmaakdag
***15:00*** Agapé-vrouegroep

## Normaalklas




## Dissipelskap




# Mannebediening



# Barmhartigheidsbediening




# Donderdag




# NG/VG Kerkraadskakeling




# Kogelberg WARM-WINTERMARK

GRATIS KOFFIE

DIE WINTERMARK IS OM DIE DRAAI EN ONS HET JOU HULP NODIG:




20 MENSE WAT BEREID IS OM ELK 4 KOPPIES RYS TE KOOK VIR VRYDAG EN SATERDAG.



IEMAND WAT HEEN-EN-WEER TUSSEN DIE KERK EN DIE SAAL KAN RY – OM TE HELP MET VERVOER VAN DIE KOS

HULP BY DIE:

- WIT OLIFANTE
- PLANTE
- VERKOPE
- KOFFIE/TEE



Kontak die Kerkkantoor!

KOM DEEL IN DIE WARMTE!

## Potjiekoskampioenskap hoogtepunt van die Warm-wintermark

KLEINMOND – Die Kogelberg-potjiekoskampioenskap beloof om op Saterdag 27 Junie die kulinêre trekpleister van die Warm Wintermark te wees. Smulpape sal vinnig moet reageer om een van die 250 kaartjies in die hande te kry.

Selfs sonder ’n kaartjie wag daar ’n feestelike oggend vol kleur, geur en musiek. Deelnemers en toeskouers kan waardevolle wenke opvang – veral tydens die prysuitdeling vroegmiddag, wanneer Willem Viljoen van Vastrap-faam (en eienaar van Ollie’s in Bettysbaai en Kleinmond) en Kokkedoor-deelnemer Marlene Wessels hul kundigheid deel.

Marlene dien saam met sjef Schalk Potgieter en Nick Austin as beoordelaars. Die merkstate wat gebruik gaan word, word vooraf aan deelnemers beskikbaar gestel.

### Deelnemers en deelname

Vytien spanne neem deel, met slegs een plek nog oop. (Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting. Daar is geen inskrywingsgeld nie; die inhoud van die potjies word verkoop en die opbrengs gaan aan die NG Kerk Kogelberg en die Morgenster-sendingstasie in Zimbabwe.
Bevestigde deelnemers sluit in: Danie Kruger (twee potjies), RE/MAX Blue Sky (Kleinmond), Century 21, Tides Restaurant, Lourens van der Merwe, Grant Cohen, Sandown Security, Greeff Christies International Whalecoast, Ed en Johan, Seeff Kleinmond, Adrian, Strauss Odendal en Tino Erasmus. Meer besonderhede oor hul potjies volg volgende week.



## Reëlings vir die dag

Elke span ontvang ’n staanplek onder die afdakke by die kerksaal, asook ’n tafel en ’n gasbottel. Hulle kan vanaf 07:00 begin inrig, en alles moet op die terrein voorberei word. Beoordeling van tema, gees en voorbereiding vind deur die oggend plaas. Die proewerksessie duur van 11:00 tot 12:00, waarna kaartjiehouers nader kan staan vir ’n skep of drie. Bakkies met rys en eetgerei word voorsien.

## Pryse en erkenning

Op die spel is:

- ’n slaglam, geskenk deur Greeff Christies International Whalecoast
- ’n braaistaander
- Koopbewyse vir wyn van kwaliteit by Whine Room (Bettysbaai)
- ’n Black Pearl-koopbewys ter waarde van R400
- en nog meer.

Die spoggerige wennerstrofee, geskenk deur Sandown Bay Security, wag op die algehele kampioen. Sertifikate sal ook aan al die deelnemende spanne en die beoordelaars oorhandig word.

**KOM DEEL IN DIE WARMTE!**

Koop/bespreek by die Kerkkantoor!



# SENDINGSTAP: DANKIE AAN ALMAL WAT DEEL HIERVAN WAS

Die lede van ons gemeente se Getuienisaksie wil graag hierdie week die Eerste Gelui sommer 'n paar keer laat lui. Of nog beter, 'n hele klokkespel daarvan maak om aan te kondig dat die Stap vir Sending (einde Mei) die pragtige bedrag van R57040 opgelewer het!

Ons eer en loof en dank die Here hiervoor! Hy het waarlik vir ons gesorg. Soos verlede jaar is daar weer met groot geesdrif gestap, lekker gesels op pad en nuwe vriendskappe gebou. Stappers is geborg deur vriende, familie, ander lidmate en omgee-mense – ook van buite ons gemeente.






Die bostaande bedrag wat borge bygedra het, is reeds genoeg om die bydrae wat NGK Kogelberg maandeliks aan ons sendelinge betaal, vir twee maande te dek.

Dit is waarlik met jubeling en groot opregtheid wat ons baie dankie sê aan die Kleinmond Stapklub, elke stapper en borg, Bloubakkie vir die ondersteuning, en die kerkkantoor vir die administrasie wat hanteer is. Ons loof die Here!

# VROUEDAG

# Funksie

*'n Oggend van saam lag en kuier in goeie geselskap!*




## Saterdag 8 AUGUSTUS

10:00

**NG KERKSAAL**
EERSTE LAAN 36 - KLEINMOND

*Gaskunstenaar*
FRANCOIS BOYCE

*Bespreek jou plek vandag!*

**R200** PER PERSOON

*Sluit* EET- EN DRINKGOED IN

KONTAK DIE KERKKANTOOR VIR ENIGE NAVRAE - 028 271 3740



# Lekker verjaar!!

## Saterdag 13 Junie

Nancia Groenewald 083 226 1654 (Sa1)
Jessica le Grange (PM5)
Nelius Roos 082 860 4875 (Ba1b)
Rosa Taljaardt 076 580 9799 (KB1

## Sondag 14 Junie

Frikkie Borman 082 468 0022 (PB1)
Matthew Burger (HK3)
Heinrich Carstens 083 566 1490 (Sb4)
Zwingli Coetzer (KB1)
Regina Eloff 072 830 2017 (BB6)
Antoinette van Vreden (Ba1a)

## Maandag 15 Junie

Stephan Hugo 082 498 0790 (Sb1)
Jere Möller (PM5)
Heinrich van Eeden (Ba3)

## Dinsdag 16 Junie

Elrie Hugo 083 708 0552 (Bb2)
Beatrice Joubert 082 972 2084 (KB5)
Cecile Lubbe (KP2)
Estelle Nagel 083 725 3250 (Sc3)
Barry Schubert 082 771 4618 (Sc4)

## Woensdag 17 Junie

Kobus Du Preez 082 418 2404 (Sa2)
Derene Fourie 082 775 5907 (PM1)
Anet Havinga 076 105 8595 (Ba2)
Trudie Steinman 079 572 9505 (KB1)
Pieter Swart 083 286 5024 (BB4)


## Donderdag 18 Junie

Corlelia Calitz (Bb1)
Johan la Grange 082 572 3831 (HK3)
Marie Stander 079 635 2632 (Bb4)
Ritter van Eeden 082 482 3114 (Sb3)
Charlotte van Heerden (Sc2)
Pierre van Heerden 083 338 8630 (KB1)

## Vrydag 19 Junie

Alta Barnard (HK3)
Bremer Meyer (Sc3)
Tienie Mostert 082 065 8697 (PB2c)
Koos Nel 082 378 4198 (KB5)
Elsa Winckler 082 920 4286 (BB3)





## GROEPGESPREKKE | 15 - 20 JUNIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Het jy al ooit lank vir iets gewag wat vir jou baie belangrik was?
- Vertel wat was die moeilikste deel van die wagtyd?
- Vertel van 'n keer toe iets gebeur het wat jy glad nie verwag het nie. Hoe het dit jou verras?

**2. Ons storie nou...**

- Ons leef in 'n wêreld waar ons gewoond geraak het aan vinnige antwoorde en resultate. Vertel van ‘n keer waneer iets dadelik met jou gebeur het?
- Wat gebeur met 'n mens wanneer jy moet wag vir ‘n antwoord?
- Dink jy daar is 'n verskil tussen om vir God te wag en om moed op te gee? Hoe sal jy die verskil beskryf?

**3. God se storie...**

Lees Genesis 18:1-15 en 21:1-5 saam uit twee of drie verskillende vertalings en gesels dan oor die volgende vrae:

- Abraham ontvang die drie besoekers met groot gasvryheid en dringendheid. Waarom dink jy is hy so vinnig om hulle te ontvang?
- Die besoekers herhaal 'n belofte wat Abraham en Sara al jare lank gehoor het. Waarom dink jy is dit soms moeilik om God se beloftes te bly glo wanneer dit lank vat om waar te word?
- Sara lag toe sy die belofte hoor. Wat dink jy sit agter haar lag?
- Wat leer hierdie verhaal ons oor die manier waarop God werk wanneer mense dink alle hoop is verby?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Waar het jy dalk begin lag soos Sara — nie uit vreugde nie, maar omdat jy nie meer glo dit gaan gebeur nie?
- Hoe verander die vraag "Sou iets vir die Here onmoontlik wees?" die manier waarop jy na jou situasie kyk?
- Op watter manier kan jy hierdie week aan God se getrouheid vashou, selfs al sien jy nog nie die uitkoms nie?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede.**

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 15 Junie 2026 – Psalm 13
- Dinsdag 16 Junie 2026 – Psalm 67
- Woensdag 17 Junie 2026 – Romeine 6:1b-11
- Donderdag 18 Junie 2026 – Matteus 10:24-39
- Vrydag 19 Junie 2026 – Jeremiah 28:5-9
- Saterdag 20 Junie 2026 – Genesis 21:8-21